# Die mooi én lelik van hemel op die platteland


Deur **Sonja van der Westhuizen** | **10 Junie 2019 00:00**

**Fiksie**

**Smit Motors**

**Réney Warrington**

**WENKBROU, R285**




Smit Motors bring die besef tuis dat gestremdheid, mishandeling, seksualiteit en die uitdagings van moederskap universeel is, skryf Sonja van der Westhuizen.Met *Smit Motors*slaag Réney Warrington daarin om die universele temas van aanvaarding, verdraagsaamheid en moederskap omsigtig en met insig aan te roer.

Petra Steyn beklee ’n pos as skrywer en fotograaf by ’n gemeenskapskoerant. Haar enigste plesier is om fliekresensies te skryf, ’n liefde wat sy en haar oupa gedeel het. Hoewel sy haar werk haat, is sy ook te verantwoordelik om dit te los.

Wanneer haar oupa egter afsterwe en sy motorwerkswinkel in Edenville in die Vrystaat aan haar nalaat, word die verandering waarteen sy vasskop onafwendbaar.

Petra se wederhelfte, Cyla, “[d]ie vrou met die kleurvolle tatoes”, moedig haar aan om vir ’n tydjie haar lewe elders te gaan leef terwyl sy haar roman skryf. ’n Besoek aan die platteland bied ’n uitweg wanneer Cyla se behoefte om ma te word en die herhaaldelike onsuksesvolle fertiliteitsbehandelings Petra se onsekerheid oor moederskap versterk. Cyla daarenteen, dra haar sekerheid op haar lyf met “[i]koniese, pseudo-religieuse beelde van moeders met kinders, kruise, goue strale, bloeiende harte en skerp dorings…”

In Edenville bevind Petra haar in ’n fisieke en emosionele niemandsland. In ’n dorp met 17 strate van oos na wes, 19 strate van noord na suid en “vuil strate, toegegroeide sypaadjies en ’n drankwinkel”, probeer sy die dood van haar oupa verwerk.

Die lang, lenige man met die olyfvel en pikswart teruggekamde hare wat haar moes grootmaak nadat haar ma in die middel van die nag haar tasse gevat en geloop het, is skielik weg. Sy verlang na hulle Vrydagaand-vis-en-tjips en fliekbesprekings oor ’n “koppie soet, melkerige rooibostee”.

Kort voor lank word Petra se niemandsland beset. Hannes, die ongure buurman-slagter met sy goue ketting, leeutatoe, rugbykortbroek en voorliefde vir drank, maak haar lewe van meet af aan moeilik

omdat hy sy oog op die werkswinkelgrond het en nie gewoond is aan “nee” nie.

## Deurlopende, onderliggende spanning word haarfyn balanseer met humor en blikke van menslikheid en feilbaarheid.

Arno, met die versteekte glimlag en senuweeagtige heen-en-weer-wieg, bied sy hulp aan om die blou en wit geverfde werkswinkel met die wye sementstoep in te rig. Mettertyd word Petra deel van Arno en sy ouma Margaret Naudé se lewens en probeer sy vir Arno beskerm teen ’n wêreld wat hom weens sy andersheid nie verstaan of wil aanvaar nie.

Herman, Margaret se Doberman-Rottweiler-kruis, word die manifestasie van Petra se vrees dat haar verhouding met Cyla nie aanvaar gaan word nie. Haar vrees is nie ongegrond in ’n gemeenskap waar seksualiteit weggesteek word omdat dit as “duiwels” beskou word en gestremdes “getoor” is nie.

Derhalwe hou sy haar verhouding so geheim soos die onverklaarbaar geslote deur in haar oupa se werkswinkel. Petra se vrees verloor ook sy byt en die skerpsinnige, 90-jarige Margaret word haar raadgewer en skouer om op te huil.

Petra en Arno se wêreld word intussen binnegedring deur Monty, die buurman-slagter se maer, vuil, honger weggooikind wat liefde kom soek anderkant die grensdraad. Tussen die Ford-wrakke leef Monty in sy eie wêreld soos ’n wilde dier wat net Johanna met haar tamatiebroodjies kan uitlok. Sy toetrede tot die aangrensende erf veroorsaak nie net onnodige spanning nie, maar ook die waarskynlikheid van ’n onvermydelike konfrontasie.

Johanna, die vrou met die “ligblou bediende-uniform met ’n wit kraag en wit omgevoude moutjies” het noodgedwonge Monty se ma geword toe die slagter se vrou ’n vuil bondeltjie met die skreeuende kind in haar hande gedruk het op haar eerste werksdag.

Deurlopende, onderliggende spanning word haarfyn balanseer met humor en blikke van menslikheid en feilbaarheid. Ligter oomblikke word verskaf deur Petra se drafpogings, of te wel die “ . . . misdaad wat sy nou hier op die stofpad gaan pleeg”, terwyl Margaret se spitsvondigheid ’n teenvoeter bied vir hartseer oomblikke. Sporadiese verwysings na en kommentaar op flieks sorg vir interessante afwisseling en lees soos mini-resensies binne die hoof-storielyn.

As buitestander is Petra die ideale waarnemer, net soos Réney se waarneming as fotograaf duidelik weerspieël word in haar noukeurige uitbeelding van dialoog, karakters en omgewing. Daar is vlugtige oomblikke wanneer sy die feilbaarheid en hartseer van die karakters so subtiel vasvang dat jou hart wil breek en jy hulle in jou gedagtes wil bêre selfs al is hulle storie verby.

Die behoefte aan liefde, aanvaarding en om te behoort is inherent deel van ons genetiese samestelling. Wanneer iemand egter nie voldoen aan die samelewing se norme nie, word hulle dikwels randfigure wat vermy en gevrees word. *Smit Motors*bring die besef tuis dat gestremdheid, mishandeling, seksualiteit en die uitdagings van moederskap universeel is en dat almal op die ou end maar net mense is met hulle eie hartseer stories.

**Sonja van der Westhuizen** is ’n vryskutresensent van Stellenbosch.